- (b) the application for the adoption and every consent to the adoption; and
- (c) reports, documents and submissions allowed by the children's court or of which the contents have not been disputed.

Adoptions record book

23. (1) The clerk of the children's court shall keep an adoptions record book in which he shall enter particulars of all applications made to the Court for adoptions, the orders of the court and any rescission of and appeals against such orders.

(4) Indien 'n assistent van die kinderhof van oordeel is dat daar redelike gronde bestaan om ingevolge artikel 19 (b) van die Wet van die toestemming van 'n ouer af te sien, moet hy die klerk van die kinderhof versoek om 'n kennisgewing aan daardie ouer te laat beteken waarin daardie ouer aangesê word om op die tyd en datum in die kennisgewing vermeld in daardie kinderhof te verskyn om redes aan te voer waarom daar nie van sy toestemming afgesien moet word nie.

(5) So 'n kennisgewing moet die besonderhede uiteensit wat redelik voldoende is om die ouer van die gronde te verwittig waarom van sy toestemming afgesien moet word, en moet minstens 21 dae voor bedoelde datum van verskyn aan die betrokke ouer beteken word.

(6) Indien die betrokke ouer nie op die bedoelde datum in die kinderhof verskyn nie en die hof oortuig is dat—

- (a) die kennisgewing behoorlik aan die ouer beteken is en daar geen klaarblyklike rede is vir die ouer se versuim om te verskyn nie, kan die hof onverwyl voortgaan om die ondersoek te hou en uitspraak te gee; of
- (b) die kennisgewing nie aan die ouer beteken kon word nie omdat sy adres of verblyfplek onbekend is, kan die hof die opdragte vir die verdere of beter betekening van die kennisgewing gee wat die hof goeddink.

(7) 'n Ouer wat as 'n getuie gedagvaar is en wat 'n toestemming verleen het waarin, soos beoog in artikel 18 (6) van die Wet, die name van die voorgenome aannemende ouers nie verstrekk word nie, en 'n ouer aan wie 'n kennisgewing bedoel in subregulasie (4) beteken is, mag nie versoek word of toegelaat word om die verrigtinge van die kinderhof by te woon te eniger tyd wanneer die voorgenome aannemende ouer teenwoordig is of waarskynlik teenwoordig sal wees nie.

(8) 'n Aannemingsbevel is in die vorm van Vorm 14.

Notule van aannemingsverrigtinge

22. Die notule van 'n aannemingssondersoek, wat deur die voorsittende kommissaris onderteken moet word, bestaan uit—

- (a) Vorm 7, waarop aangeteken word—
 - (i) die distrik en plek waar en die datums waarop die verrigtinge gehou word en die name van die aannemende ouers, die kind of kinders wat betrokke is, die voorsittende kommissaris, die assistent van die kinderhof en die persone wat teenwoordig is;
 - (ii) die toelating of verwerping van, en beswaar teen, enige getuienis, verslag, bewysstuk of voorleggings;
 - (iii) die goedkeurings verleen en bevele gemaak deur die kinderhof tydens of na afloop van die ondersoek;
 - (iv) indien 'n skatting van die ouderdom van 'n persoon kragtens artikel 54 van die Wet gemaak is, die geskatte ouderdom van die persoon;
- (b) die aansoek om aanneming en elke toestemming tot die aanneming; en
- (c) verslae, dokumente en voorleggings wat deur die kinderhof toegelaat is of waarvan die inhoud nie betwiss is nie.

Aannemingsrekordboek

23. (1) Die klerk van 'n kinderhof hou 'n aannemingsrekordboek waarin hy besonderhede aanteken van alle aansoeke om aannemings wat by die hof gedoen word, die bevele van die hof en enige opheffing van en appelle teen sodanige bevele.

(2) No person, except an officer of the court or any person generally or specially authorised thereto by the commissioner shall inspect or have access to the adoptions record book.

Register of adoptions

24. The registrar shall keep a register in which shall be entered—

- (a) the registration number he allocates to the adoption;
- (b) the personal particulars of the adopted child, his parents and adoptive parents;
- (c) particulars of successful appeals against and rescissions of adoptions; and
- (d) generally, all the other information the registrar considers necessary and expedient.

Registration of adoptions

25. (1) As soon as is practicable after the issue of an order of adoption the clerk of the children's court shall cause that order to be registered by submitting the following documents to the registrar:

- (a) The original of—
 - (i) the application for adoption;
 - (ii) every consent to the adoption which has been lodged;
 - (iii) the order of adoption and two copies thereof signed by the commissioner and not certified as copies;
 - (iv) the child's identity document or birth certificate; and
- (b) a copy of the record of the proceedings concerned, with the exception of the documents of which the originals must be submitted in terms of paragraph (a).

(2) After registration the registrar shall enter the date of registration and the registration number on each order of adoption and shall send a copy of the order of adoption referred to in subregulation (1) (a) (iii) and the original identity document or birth certificate to the adoptive parents and the remaining copy of the adoption order to the clerk of the children's court.

Rescission of orders of adoption

26. (1) Notice of an application for the rescission of an order of adoption in terms of section 21 of the Act shall be in the form of Form 15.

(2) If the adoptive parents are unknown to the applicant the said notice and two copies thereof shall be lodged with the clerk of the children's court at least 28 days before the date set for the hearing.

(3) On receipt of that notice the clerk of the children's court shall send a copy thereof by registered mail to the adoptive parents at their last known address.

(4) If the adoptive parent concerned is not present at the children's court on the said date and the court is satisfied that the notice—

- (a) has been duly served on the adoptive parent and there is no apparent reason for his failure to appear, the court may proceed to hold an inquiry without delay and give judgment; or
- (b) could not be served on the adoptive parent because his address or residence is unknown, the court may give instructions for such further or improved service of the notice as the court may deem fit.

(5) The provisions of regulation 22 shall, as far as they are applicable, apply *mutatis mutandis* to the keeping of a record of an inquiry in terms of this regulation.

(2) Niemand, behalwe 'n beampete van die hof of iemand wat in die algemeen of spesiaal deur die kommissaris daar toe gemagtig is, het insae of toegang tot die aannemingsrekordboek nie.

Register van aannemings

24. Die registrateur hou 'n register waarin—

- (a) die registrasienommer wat hy aan 'n aanneming toeken;
- (b) die persoonlike besonderhede van die aangename kind, sy ouers en aannemende ouers;
- (c) besonderhede van geslaagde appelle teen en opheffing van aannemings; en
- (d) oor die algemeen, die ander inligting wat die registrateur nodig en dienstig ag, aangeteken word.

Registrasie van aannemings

25. (1) So gou doenlik na die uitreiking van 'n aannemingsbevel laat die klerk van die kinderhof daardie bevel registréer deur die volgende dokumente aan die registrateur te stuur:

- (a) Die oorspronklike van—
 - (i) die aansoek om aanneming;
 - (ii) elke toestemming tot die aanneming wat ingediend is;
 - (iii) die aannemingsbevel en twee afskrifte daarvan wat deur die kommissaris onderteken is en nie gewaarmerk is as afskrifte nie;
 - (iv) die kind se identiteitsdokument of geboortesertifikaat; en
- (b) 'n afskrif van die notule van die betrokke verrigtinge, met uitsondering van die dokumente waarvan die oorspronklikes kragtens paragraaf (a) gestuur moet word.

(2) Na registrasie teken die registrateur die datum van registrasie en die registrasienommer op elke aannemingsbevel aan en stuur hy 'n afskrif van die aannemingsbevel bedoel in subregulasie (1) (a) (iii) en die oorspronklike identiteitsdokument of geboortesertifikaat aan die aannemende ouers en die oorblywende afskrif van die aannemingsbevel aan die klerk van die kinderhof.

Opheffing van aannemingsbevele

26. (1) Kennisgewing van 'n aansoek om die opheffing van 'n aannemingsbevel kragtens artikel 21 van die Wet is in die vorm van Vorm 15.

(2) Indien die aannemende ouers aan die applikant onbekend is, moet gemelde kennisgewing en twee afskrifte daarvan by die klerk van die kinderhof ingediend word minstens 28 dae voor die datum wat vir die verhoor bepaal is.

(3) By ontvangs van daardie kennisgewing moet die klerk van die kinderhof 'n afskrif daarvan per geregistreerde pos aan die aannemende ouers stuur by hulle jongsbekende adres.

(4) Indien die betrokke aannemende ouers nie op die bedoelde datum in die kinderhof verskyn nie en die hof oortuig is dat die kennisgewing—

- (a) behoorlik aan die aannemende ouers beteken is en daar geen klaarblyklike rede is vir die ouer se versuim om te verskyn nie, kan die hof onverwyld voortgaan om die ondersoek te hou en uitspraak te gee; of
- (b) nie aan die aannemende ouers beteken kon word nie omdat sy adres of verblyfplek onbekend is, kan die hof die opdragte vir die verdere of beter betekening van die kennisgewing gee wat die hof goeddink.

(5) Die bepalings van regulasie 22 is, vir sover dit toepaslik is, *mutatis mutandis* van toepassing op die hou van 'n notule ten opsigte van 'n ondersoek ingevolge hierdie regulasie.

(6) If an adoption is rescinded the clerk of the children's court shall send a certified copy of the record to the registrar for registration purposes.

Appeal against an order of adoption

27. If the court of appeal concerned rescinds an order of adoption in terms of section 22 of the Act, the clerk of the children's court shall notify the Director-General in terms of the Births, Marriages and Deaths Registration Act, 1963 (Act 81 of 1963), of that order.

Access to the minutes of adoption inquiries and the disclosure of information

28. (1) Subject to the provisions of subregulations (3) and (6) and the instructions of the registrar on the handling of documents by persons inspecting them, the record of the proceedings shall lie for inspection during normal office hours in the office of the registrar by—

- (a) an adoptive parent from the date on which the child concerned reaches the age of 18 years; and
- (b) an adopted child from the date on which he reaches the age of 21 years.

(2) Any person who may inspect the record in terms of subregulation (1) may obtain a copy of the record on pre-payment of an amount of R10 payable by means of uncancelled revenue stamps affixed to his application for such copy.

(3) The registrar may require an adoptive parent or child referred to in subregulation (1) to receive counselling from a social worker designated by the registrar before he allows that parent or child to inspect the record concerned or to obtain a copy thereof.

(4) The Registrar may, in his discretion and at any time, furnish specific information regarding an adoption to any person who in the opinion of the registrar has sufficient reason to obtain the information: Provided that the identity of the child, his parents, or adoptive parents shall not be revealed thereby.

(5) Subject to the conditions he determines generally or in a particular case the Director-General may approve that an adoptions record book referred to in regulation 23, the register of adoptions referred to in regulation 24 and a record of the children's court of an adoption inquiry may be inspected for official and *bona fide* research purposes.

(6) (a) The registrar may notwithstanding the provisions of this regulation for good reason refuse any person access to the said record and registers.

(b) Any persons aggrieved by any decision of the registrar under paragraph (a) may appeal to the Minister against such decision.

CONTRIBUTION ORDERS

29. (1) The clerk of a children's court or the clerk of a magistrate's court, as the case may be, shall at the request of the children's court assistant issue a summons in the form of Form 16 calling on the respondent to appear before the court at a time and place stated in the summons in order to show cause why a contribution order should not be made against him.

(2) A notice of an application for the variation, suspension, rescission or revival of a contribution order shall be in the form of Form 17 and shall, if the application is made by—

- (a) the respondent, be served on the clerk of the children's court or magistrate's court as the case may be; and

(6) Indien 'n aanneming opgehef word, stuur die klerk van die kinderhof 'n gewaarmerkte afskrif van die notule aan die registrateur vir registrasiedoeleindes.

Appèl teen 'n aannemingsbevel

27. Indien die betrokke hof van appèl kragtens artikel 22 van die Wet 'n aannemingsbevel tersyde stel, moet die klerk van die kinderhof die betrokke Direkteur-generaal ooreenkomsdig die Wet op die Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevalle, 1963 (Wet 81 van 1963), in kennis stel van daardie bevel.

Insaē in notule van aannemingssondersoek en openbaring van inligting

28. (1) Behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (6) en die opdragte van die registrateur oor die hantering van dokumente deur persone wat dit insien, lê die notule van die verrigtinge in 'n kinderhof gedurende gewone kantoorure in die kantoor van die registrateur ter insae van—

- (a) 'n aannemende ouer vanaf die datum waarop die betrokke kind die ouderdom van 18 jaar bereik het; en
- (b) 'n aangename kind vanaf die datum waarop hy die ouderdom van 21 jaar bereik.

(2) Enige persoon wat gemelde notule kragtens subregulasie (1) kan insien, kan 'n afskrif van die notule verkry deur vooruitbetaling van 'n bedrag van R10, wat betaalbaar is by wyse van ongekanselleerde inkomsteseëls wat op sy aansoek om sodanige afskrif geplak is.

(3) Die registrateur kan vereis dat 'n aannemende ouer of 'n kind bedoel in subregulasie (1), beraad ontvang van 'n maatskaplike werker deur die registrateur aangewys, alvorens hy daardie ouer of kind toelaat om die betrokke notule in te sien of 'n afskrif daarvan te verkry.

(4) Die registrateur kan te eniger tyd en na goeddunke besondere inligting in verband met 'n aanneming verstrek aan enigiemand wat na die oordeel van die registrateur 'n grondige rede het om die inligting te bekom: Met dien verstande dat die identiteit van die kind, of sy ouers of aannemende ouers, nie daardeur bekend gemaak mag word nie.

(5) Behoudens die voorwaardes wat hy oor die algemeen en in 'n besondere geval bepaal, kan die Direkteur-generaal goedkeur dat 'n aannemingsrekordboek bedoel in regulasie 23, die register van aannemings bedoel in regulasie 24 en 'n notule van die kinderhof in 'n aannemingssondersoek vir amptelike of *bona fide*-navorsingsdoeleindes ingesien word.

(6) (a) Ondanks die bepalings van hierdie regulasie kan die registrateur om 'n goeie rede 'n persoon insae in die notule en registers in hierdie regulasie bedoel, weier.

(b) 'n Persoon wat hom veronreg voel deur 'n beslissing van die registrateur kragtens paragraaf (a), kan na die Minister teen so 'n beslissing appelleer.

KONTRIBUSIE-ORDERS

29. (1) Die klerk van die kinderhof of die klerk van 'n landdroshof, na gelang van die geval, moet op versoek van 'n assistent van die kinderhof 'n dagvaarding uitreik in die vorm van Vorm 16 waarby die betrokke respondent aangesê word om voor die hof te verskyn op 'n tyd en plek in die dagvaarding vermeld ten einde gronde aan te voer waarom 'n kontribusie-order nie teen hom uitgereik moet word nie.

(2) 'n Kennisgewing van aansoek om die verandering, opskorting, intrekking of herstelling van 'n kontribusie-order is in die vorm van Vorm 17 en moet, as die aansoek deur—

- (a) 'n respondent gedoen word, aan die klerk van die kinderhof of landdroshof, na gelang van die geval, beteken word; en

<p>(b) the children's court assistant, be served on the respondent.</p> <p>(3) A contribution order or a provisional contribution order shall be made in the form of Form 18 and a certified copy thereof shall be handed to the respondent or be sent to him by registered mail.</p> <p>(4) The clerk of the children's court or the magistrate's court, as the case may be, shall send a copy of the said contribution order to—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) the Director-General; and(b) the social worker involved in the case. <p>(5) An order to an employer in terms of section 46 of the Act for the deduction of an amount from the wages of respondent in compliance with a contribution order shall be made in the form of Form 19.</p> <h3>CHILDREN'S HOMES AND PLACES OF CARE</h3> <h4><i>Application for registration</i></h4> <p>30. (1) Application for registration of a children's home or place of care in terms of section 30(3) of the Act shall be made on a form obtainable from the Director-General and lodged with the Director-General.</p> <p>(2) The application shall be accompanied, in the case of an application for the registration of—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) a children's home, by the constitution of the association of persons that will manage the children's home;(b) a children's home or a place of care, by a certificate issued by the local authority within whose area the children's home or place of care is situated or is to be erected to the effect that the children's home or place of care, if an existing building is to be used, complies with all the structural and health requirements of the local authority, or, in the case of a children's home or place of care that is to be erected, that the plans for the said building or buildings have been approved by the local authority. <p>(3) A constitution referred to in subregulation (2)(a) shall contain at least the following particulars and stipulations:</p> <ul style="list-style-type: none">(a) The name of the children's home and a description of the type of child to be cared for;(b) the composition, powers and duties of the management and the executive committee or management committee, as the case may be;(c) the powers of the management to delegate its authority with regard to punishment and discipline to the head of the children's home; and(d) the procedure as regards the amendment of the constitution. <p>(4) A registration certificate in respect of a children's home or a place of care shall be issued in a form approved by the Director-General for that purpose.</p> <h4><i>Additional requirements with which a children's home shall comply</i></h4> <p>31. Subject to the provisions of the Act and these regulations no children's home shall be registered in terms of section 30 of the Act unless the Director-General is satisfied that proper arrangements have been made or will be made—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) for the treatment of the children in the children's home by a social worker, medical practitioner, psychiatrist or psychologist when such treatment is necessary;(b) for the proper feeding and care of the said children; and(c) to ensure that children who are of school-going age attend school.	<p>(b) 'n assistent van 'n kinderhof gedoen word aan die respondent beteken word.</p> <p>(3) 'n Kontribusie-order of 'n voorlopige kontribusie-order word in die vorm van Vorm 18 verleen, en 'n gewaarmerkte afskrif daarvan word aan die respondent oorhandig of per geregistreerde pos aan hom gestuur.</p> <p>(4) Die klerk van die kinderhof of landdroshof, na gelang van die geval, moet 'n afskrif van die kontribusie-order stuur aan—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) die Direkteur-generaal; en(b) die maatskaplike werker wat by die saak betrokke is. <p>(5) 'n Bevel aan 'n werkewer kragtens artikel 46 van die Wet vir die aftrekking van 'n bedrag van die loon van 'n respondent ter voldoening aan 'n kontribusie-order word uitgereik in die vorm van Vorm 19.</p> <h3>KINDERHUISE EN VERSORGINGSOORDE</h3> <h4><i>Aansoek om registrasie</i></h4> <p>30. (1) Aansoek om registrasie van 'n kinderhuis of 'n versorgingsoord kragtens artikel 30(3) van die Wet word gedoen op 'n vorm wat van die Direkteur-generaal verkrybaar is en word by die Direkteur-generaal ingedien.</p> <p>(2) Die aansoek moet vergesel gaan, in die geval van 'n aansoek om die registrasie van—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) 'n kinderhuis, van die konstitusie van die vereniging van persone wat die kinderhuis sal bestuur;(b) 'n kinderhuis of 'n versorgingsoord, van 'n sertifikaat uitgereik deur die plaaslike bestuur binne wie se gebied die kinderhuis of versorgingsoord geleë is of opgerig sal word, ten effekte dat die kinderhuis of versorgingsoord, indien van 'n bestaande gebou gebruik gemaak sal word, voldoen aan al die strukturele en gesondheidsvereistes van die plaaslike bestuur of, in die geval van 'n kinderhuis of 'n versorgingsoord wat nog opgerig moet word, dat die planne vir die betrokke gebou of geboue deur die plaaslike bestuur goedgekeur is. <p>(3) 'n Konstitusie bedoel in subregulasie (2)(a) moet minstens die volgende besonderhede en bepalings bevat:</p> <ul style="list-style-type: none">(a) Die naam van die kinderhuis en 'n beskrywing van die tipe kind wat versorg sal word;(b) die samestelling, bevoegdhede en pligte van die bestuur en die uitvoerende komitee of dagbestuur, na gelang van die geval;(c) die bevoegdheid van die bestuur om sy gesag met betrekking tot tug en dissipline aan die hoof van die kinderhuis oor te dra;(d) die prosedure met betrekking tot die wysiging van die konstitusie. <p>(4) 'n Registrasiesertifikaat ten opsigte van 'n kinderhuis of 'n versorgingsoord word uitgereik op 'n vorm wat die Direkteur-generaal vir dié doel goedkeur.</p> <h4><i>Bykomende vereistes waaraan kinderhuise moet voldoen</i></h4> <p>31. Behoudens die bepalings van die Wet en hierdie regulasies word geen kinderhuis kragtens artikel 30 van die Wet geregistreer nie, tensy die Direkteur-generaal oortuig is dat behoorlike reëlings getref is of getref sal word—</p> <ul style="list-style-type: none">(a) vir die behandeling van die kinders in die kinderhuis deur 'n maatskaplike werker, geneesheer, psigiater of sielkundige wanneer sodanige behandeling nodig is;(b) vir die behoorlike voeding en versorging van die kinders; en(c) dat kinders wat skoolpligtig is, skool sal bywoon.
--	--

Maintenance of good order and discipline

32. (1) Any pupil in a children's home who—
 (a) obstructs any persons in authority over him in the execution of his duties;
 (b) refuses or fails to carry out or comply with a lawful order by any person in authority over him;
 (c) incites, encourages or advises another pupil to create, cause or participate in any disturbance dissatisfaction or to commit any act of insubordination;
 (d) incites or encourages any other pupil or person to acts of violence or endangers or interferes with the good order or administration of the children's home;
 (e) without the consent of the owner thereof appropriates, uses or intentionally or through gross negligence damages or destroys any property not belonging to him;
 (f) absconds from the children's home or is absent without leave;
 (g) brings into the children's home or possesses any alcoholic drink or habit-forming drugs; or
 (h) behaves in an improper manner inside or outside the children's home,

may be punished in accordance with the provisions of these regulations.

(2) Any punishment referred to in subregulation (1) shall be determined by the head of the children's home with due regard to the nature of the transgression, the age of the child and the instructions which the management of the children's home may give in case of a particular pupil or pupils in general: Provided that isolation, confinement or refusal of leave shall not be used as a form of punishment.

(3) Corporal punishment may not be inflicted on a girl and also not on a boy in respect of whom a social worker, psychologist or medical practitioner has forbidden the infliction of such punishment.

(4) Before any corporal punishment may be inflicted the head of the children's home, or, in his absence, a member of the staff designated by him, shall satisfy himself that the pupil on whom he intends to inflict corporal punishment will not be physically or mentally adversely affected by such punishment.

(5) Corporal punishment shall be inflicted with an instrument approved by the management for that purpose on the buttocks in the presence of a person designated by the management for that purpose.

(6) A boy receiving corporal punishment shall wear a shirt, trousers and underpants.

(7) Immediately after the infliction of punishment the following information shall be entered in a punishment register:

- (a) The name of the pupil punished;
- (b) the date and the nature of the transgression;
- (c) the nature of the punishment inflicted; and
- (d) the name of the person who inflicted the punishment and the person in whose presence the punishment was inflicted.

Registers and files to be kept by children's homes

33. (1) In addition to the punishment register referred to in regulation 32 (7) a register or registers shall be kept in a children's home in which shall be entered the following particulars of each child:

- (a) His or her full name, sex, date of birth, identity number;
- (b) names, addresses and telephone numbers of parents or blood relations;
- (c) date of admission;

Handhawing van goeie orde en tug

32. (1) Enige leerling in 'n kinderhuis wat—
 (a) iemand wat in gesag teenoor hom staan, dwarsboom in die uitvoering van sy pligte;
 (b) weier of versuim om 'n wettige bevel van iemand wat in gesag teenoor hom staan, uit te voer of om daaraan te voldoen;
 (c) 'n ander leerling aanhits, aanmoedig of aanraai om enige onrus of ontevredenheid te skep, te veroorsaak of daaraan deel te neem of enige daad van weerspanningheid te pleeg;
 (d) enige ander leerling of persoon tot geweldadige opotrede aanhits of aanmoedig of die goeie orde of administrasie van die kinderhuis in gevaar stel of bemoeilik;
 (e) enige eiendom wat nie sy eie is nie, sonder die toestemming van die eienaar daarvan toe-eien, gebruik of opsetlik of deur growwe nalatigheid beskadig of vernietig;
 (f) uit die kinderhuis wegloop of sonder toestemming daaruit afwesig is;
 (g) enige alkoholiese drank of afhanklikheidsvormende middel in die kinderhuis inbring of besit; of
 (h) hom buite of binne die kinderhuis op 'n onbetaamlike wyse gedra,

kan ooreenkomsdig die bepalings van hierdie regulasies gestraf word.

(2) 'n Straf in subregulasie (1) bedoel, word deur die hoof van die kinderhuis bepaal met inagneming van die aard van die oortreding, die ouderdom van die kind en die opdragte wat die bestuur van die inrigting in die geval van 'n besondere leerling of leerlinge oor die algemeen gee: Met dien verstande dat afsondering, opsluiting of weerhouding van verlof nie as 'n straf aangewend mag word nie.

(3) Lyfstraf mag nie aan 'n dogter toegedien word nie, en ook nie aan 'n seun ten opsigte van wie 'n maatskaplike werker, sielkundige of geneesheer die toediening daarvan belet het nie.

(4) Alvorens lyfstraf toegedien word, moet die hoof van die inrigting of, in sy afwesigheid, 'n lid van die personeel deur hom aangewys, hom vergewis dat die leerling ten opsigte van wie hy voornemens is om lyfstraf toe te dien, nie liggamlik of geestelik deur sodanige straf benadeel sal word nie.

(5) Lyfstraf word op die sitvlak toegedien in die teenwoordigheid van 'n persoon wat die bestuur vir dié doel aanwys, en met 'n instrument wat die bestuur goedkeur.

(6) 'n Seun wat lyfstraf ontvang, moet 'n hemp, broek en onderbroek aanhê.

(7) Onmiddellik na die oplegging van straf moet die volgende inligting in 'n strafregister aangeteken word:

- (a) Die naam van die kind wat gestraf is;
- (b) die datum en die aard van die oortreding;
- (c) die aard van die straf opgelê; en
- (d) die naam van die persoon wat die straf toegedien het en die persoon in wie se teenwoordigheid die straf toegedien is.

Registers en lêers wat kinderhuise moet byhou

33. (1) Benewens 'n strafregister bedoel in regulasie 32 (7) moet 'n register of registers in 'n kinderhuis bygehou word waarin die volgende besonderhede van elke kind aangeteken word:

- (a) Sy volle naam, geslag, geboortedatum en identiteitsnommer;
- (b) name, adresse en telefoonnummers van ouers of bloedverwante;
- (c) datum van opname;

- (d) date on which the court order or extension thereof expires in terms of which a child is detained;
- (e) particulars of any leave of absence or any absence longer than one day and the reason for such absence; and
- (f) in the case of a pupil who absconded from the children's home or who is a pupil referred to in section 38 (1) (b) of the Act, the date on which he so absconded or on which his leave of absence, referred to in section 38 (1) (b), expired, as the case may be, and if he returns or is returned to the children's home, the date on which he so returned or was brought back.

(2) A separate file shall be kept in a children's home in respect of each pupil in that children's home in which the following documents shall be filed:

- (a) All documents relating to the pupil received at the time of his admission;
- (b) all reports received from the school which the pupil attends or attended;
- (c) all reports on any physical, psychiatric or clinical-psychological examination of the pupil and any report on the results of any treatment given;
- (d) reports and notes from social workers and the staff of the children's home on the pupil;
- (e) addresses where vacation leave was spent and how the leave turned out;
- (f) the treatment programme for the pupil and any evaluation reports in regard thereto; and
- (g) any other documents or correspondence relating to the pupil.

Register to be kept by a place of care

34. Every place of care registered under section 30 of the Act shall keep a register of children attending that place of care in which the following particulars in respect of each child shall be entered:

- (a) The full name, date of birth and sex of the child;
- (b) the date of his admission;
- (c) the names, addresses and telephone numbers of his parents and foster parent;
- (d) date on which care is terminated; and
- (e) any other information regarding the child which the place of care may deem necessary or expedient to enter.

Notice of movement of pupils

35. A children's home shall notify the Director-General in the form of Form 20 immediately of the date of admission, discharge, abscondment or readmission, admission to or discharge from a hospital or any absence of a pupil from the children's home.

FINANCIAL ASSISTANCE FOR THE MAINTENANCE OF PUPILS AND CHILDREN

Foster parent grants

36. (1) An application for a contribution towards the maintenance of a foster child by his foster parent in terms of section 56 (1) (a) of the Act (hereinafter in this regulation referred to as "foster parent grant") shall be made in a form approved by the Director-General for this purpose.

(2) A foster parent grant shall amount to an amount determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and shall be payable from the first day of the month in which the child is placed in the custody of the foster parent and shall lapse at the end of the last month in which the child so remains in the custody of the foster parent concerned.

- (d) datum waarop die hofbevel of die verlenging daarvan ingevolge waarvan die kind aangehou word, verstryk;
- (e) besonderhede van enige afwesigheidsverlof of enige afwesigheid langer as een dag en die rede vir sodanige afwesigheid; en
- (f) in die geval van 'n leerling wat uit die kinderhuis weggeloop het of wat 'n leerling is soos bedoel in artikel 38 (1) (b) van die Wet, die datum waarop hy aldus weggeloop het of waarop sy verlof tot afwesigheid bedoel in artikel 38 (1) (b) verstryk het, na gelang van die geval, en indien hy na die kinderhuis terugkeer het of teruggebring is, die datum waarop hy aldus teruggekeer het of teruggebring is.
- (2) 'n Afsonderlike lêer moet in 'n kinderhuis bygehou word ten opsigte van elke leerling in daardie kinderhuis, waarin die volgende stukke geliasseer moet word:
- (a) Alle stukke wat betrekking het op die leerling wat ten tyde van sy opname ontvang is;
- (b) alle verslae wat ontvang word van die skool wat die leerling bywoon of bygewoon het;
- (c) alle verslae oor enige liggaamlike, psigiatriese of kliniese-sielkundige ondersoeke van die leerling, en enige verslag oor die resultate van enige behandeling wat toegepas is;
- (d) verslae en notas van maatskaplike werkers en kinderhuispersoneel oor die leerling;
- (e) adresse waar vakansieverlof deurgebring is, en hoe die verlof verloop het;
- (f) die behandelingsprogram vir die leerling en enige evaluatingsverslae daaromtrent; en
- (g) enige ander stukke en korrespondensie oor die leerling.

Register wat deur 'n versorgingsoord bygehou moet word

34. Elke versorgingsoord wat kragtens artikel 30 van die wet geregistreer is, moet 'n register hou van kinders wat daardie versorgingsoord bywoon, waarin die volgende besonderhede ten opsigte van elke kind aangeteken word:

- (a) Die volle naam, geboortedatum en geslag van die kind;
- (b) die datum van sy opneming;
- (c) die name, adres en telefoonnummers van sy ouers en pleegouer;
- (d) die datum waarop sy versorging beëindig word; en
- (e) enige ander inligting wat die versorgingsoord nodig en dienstig ag om ten opsigte van die kind aan te teken.

Kennisgewing van beweging van leerlinge

35. 'n Kinderhuis moet die Direkteur-generaal onverwyld in die vorm van Vorm 20 verwittig van die datum van opneming, ontslag, wegloop of heropneming, opneming in of ontslag uit 'n hospitaal, of van enige afwesigheid van 'n leerling uit die kinderhuis.

GELDELIKE ONDERSTEUNING VIR ONDERHOUD VAN LEERLINGE EN KINDERS

Pleegouertoelaes

36. (1) 'n Aansoek om 'n bydrae tot die onderhoud van 'n pleegkind deur sy pleegouer ingevolge artikel 56 (1) (a) van die Wet (hierna in hierdie regulasie 'n "pleegouertoelae" genoem), word gedoen in 'n vorm wat deur die Direkteur-generaal vir dié doel goedgekeur is.

(2) 'n Pleegouertoelae beloop 'n bedrag wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal en is betaalbaar vanaf die eerste dag van die maand waarin die kind in die bewaring van die pleegouer geplaas is en verval aan die einde van die laaste maand waarin die kind aldus in die bewaring van die betrokke pleegouer bly.

(3) Notwithstanding the provisions of subregulation (2) the Director-General may, subject to such conditions and under such circumstances as the Minister with the concurrence of the Minister of Finance may determine generally or in a particular case, give approval for the payment of a foster parent grant to be continued and not to lapse as contemplated in subregulation (2).

(4) A foster parent grant shall be paid monthly in arrear at such times and in such manner as the Director-General may determine.

(5) The payment of a foster parent grant shall be subject to the following conditions:

(a) The foster child shall—

- (i) remain in the care of the foster parent; and
- (ii) attend school regularly if he is of school-going age.

(b) The foster parent shall—

- (i) care for the child properly;
- (ii) give the supervising social worker free access to the child at all times; and
- (iii) notify the supervising social worker and the Director-General immediately of any change in his residential address or the place where the child is residing.

(c) A foster parent grant shall not be transferred, ceded or encumbered and shall also not be liable to any attachment or execution.

(6) A foster parent grant may be paid notwithstanding the absence of the child from the care of his foster parent—

- (a) for a period not exceeding 14 days per abscondment of the child: Provided that for the purposes of this subregulation a child shall not be deemed to have absconded if he fails to return to the foster parent on expiry of leave of absence;
- (b) for such period as the child is on vacation leave: Provided that during any calendar year the duration of such leave shall not exceed the total number of school holidays that have been laid down for that year for provincial schools in the province in which the foster parent resides;
- (c) for such period as the child is on week-end or special leave: Provided that in the case of special leave the period shall not exceed 14 days at a time; and
- (d) for any period not exceeding 90 days during which a child is in a hospital or similar institution.

Children's home grants

(3) (1) Application for a contribution towards the maintenance of a pupil in a children's home in terms of section 56 (1) (b) of the Act (hereinafter in this regulation referred to as a "children's home grant") shall be made to the Director-General on a form obtainable from the Director-General.

(2) A children's home grant shall amount to an amount determined or calculated in accordance with a formula or in a manner determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and shall be payable from the first day of the month in which the pupil is admitted to the children's home in terms of the Act or any other law and shall lapse at the end of the last month in which the pupil thus remains in the custody of the children's home.

(3) Notwithstanding the provisions of subregulation (2) the Director-General may, subject to such conditions and in such circumstances as the Minister with the concurrence of the Minister of Finance may determine, give approval for the payment of a children's home grant to be continued and not to lapse as contemplated in subregulation (2).

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) kan die Direkteur-generaal, behoudens die voorwaardes en in die omstandighede wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies oor die algemeen of in 'n besondere geval bepaal, goedkeur dat die betaling van 'n pleegouertoelae voortgesit word en nie verval soos in subregulasie (2) beoog nie.

(4) 'n Pleegouertoelae is maandeliks agterna betaalbaar op die tye en die wyse wat die Direkteur-generaal bepaal.

(5) Die betaling van 'n pleegouertoelae is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Die pleegkind moet—

- (i) in die sorg van die pleegouer bly; en
- (ii) gereeld 'n skool besoek indien hy skoolpligtig is.

(b) Die pleegouer moet—

- (i) die kind behoorlik versorg;
- (ii) die toesighoudende maatskaplike werker te alle tye vrye toegang tot die kind verleen; en
- (iii) die toesighoudende maatskaplike werker en die Direkteur-generaal onmiddellik in kennis stel van enige verandering van sy woonadres of die plek waar die kind woonagtig is.

(c) Die pleegouertoelae mag nie oorgedra, gesedeer of beswaar word nie en is ook nie vatbaar vir enige beslaglegging of eksekusie nie.

(6) 'n Pleegouertoelae kan ondanks die afwesigheid van 'n kind uit die bewaring van sy pleegouer betaal word—

(a) vir 'n tydperk van hoogstens 14 dae per geleentheid wat die kind weggeloop het: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subregulasie 'n kind nie geag word weg te geloop het as hy na afloop van afwesigheidsverlof versuim het om na die pleegouer terug te keer nie;

(b) vir 'n tydperk wat die kind met vakansieverlof is: Met dien verstande dat gedurende enige kalenderjaar die tydperk van sodanige verlof nie die totale getal skoolvakansiedae wat vir daardie jaar vir provinsiale skole vasgestel is in die provinsie waarin die pleegouer woonagtig is, oorskry nie;

(c) vir 'n tydperk wat die kind met naweekverlof of spesiale verlof is: Met dien verstande dat in die geval van spesiale verlof die tydperk nie 14 dae per geleentheid oorskry nie; en

(d) vir 'n tydperk van hoogstens 90 dae wat die kind in 'n hospitaal of ander soortgelyke inrigting verkeer.

Kinderhuistoelaes

(3) (1) 'n Aansoek om 'n bydrae tot die onderhoud van 'n leerling in 'n kinderhuis kragtens artikel 56 (1) (b) van die Wet (hierna in hierdie regulasie 'n "kinderhuistoelae" genoem), word aan die Direkteur-generaal gerig op 'n vorm wat van die Direkteur-generaal verkrygbaar is.

(2) 'n Kinderhuustoelae beloop 'n bedrag wat bepaal is of bereken word ooreenkomsdig 'n formule of op 'n wyse wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal en is betaalbaar vanaf die eerste dag van die maand waarin die leerling kragtens die Wet of 'n ander wet in die kinderhuis opgeneem is en verval aan die einde van die laaste maand waarin die leerling aldus in die bewaring van die kinderhuis bly.

(3) Ondanks die bepalings van subregulasie (2) kan die Direkteur-generaal, behoudens die voorwaardes en in die omstandighede wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal, goedkeur dat die betaling van 'n kinderhuustoelae voortgesit word en nie verval soos in subregulasie (2) beoog nie.

(4) A children's home grant shall be payable at such times and in such manner as the Director-General may determine.

(5) The payment of a children's home grant shall be subject to the following conditions:

(a) The pupil shall—

- (i) remain in the care of the children's home; and
- (ii) attend school regularly if he is of school-going age.

(b) The children's home shall—

- (i) care for the pupil properly; and
- (ii) submit the returns and financial statements to the Director-General as determined by the Director-General.

(c) A children's home grant may not be transferred, ceded or encumbered.

(d) The Director-General shall, at any time, be entitled to inspect the children's home, its books and registers or cause it to be inspected, or may examine or cause to be examined any pupil therein.

(6) The provisions of regulation 36 (6) shall *mutatis mutandis* apply to a children's home grant.

Place of care grants

38. (1) The Minister may, with the concurrence of the Minister of Finance, give approval for a grant to be paid to an organisation for the care of children older than one month but younger than seven years of *bona fide* working mothers who must of necessity work away from home, or *bona fide* work-seeking mothers.

(2) An application for a grant in terms of this regulation shall be made on a form obtainable from the Director-General.

(3) A grant in terms of this regulation shall amount to an amount or shall be calculated in accordance with a formula or in the manner determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and shall be payable in respect of each day during which the child concerned is cared for in the place of care in accordance with the provisions of this regulation.

(4) The payment of a grant in terms of this regulation shall be subject to the following conditions:

(a) The hours of a place of care shall run from 07h00 to 18h00 from Mondays to Fridays and from 07h00 to 13h00 (where necessary to 14h30) on Saturdays: Provided that—

- (i) the grant may be paid in respect of children who attend places of care on Sundays and public holidays on the understanding that they are children of *bona fide* working mothers whose conditions of service provide that they must work on Sundays or public holidays;

- (ii) if the management of a place of care is of the opinion that there is not sufficient justification for the keeping open of the place of care during the prescribed hours and days, they may close it; and

- (iii) no grant shall be payable in respect of periods during which the place of care has been so closed.

(b) Meals and refreshments shall be served to a child who is present during a meal-time or tea-time.

(c) The Director-General or a person authorised by him shall at all times be entitled to inspect the place of care, its books, documents and registers and to examine the children therein.

(d) A grant shall not be transferred, ceded or encumbered and shall not be liable to execution or attachment.

(4) 'n Kinderhuistoelae is betaalbaar op die tye en die wyse wat die Direkteur-generaal bepaal.

(5) Die betaling van 'n kinderhuistoelae is onderworpe aan die volgende voorwaarde:

(a) Die leerling moet—

- (i) in die sorg van die kinderhuis bly; en
- (ii) gereeld 'n skool besoek indien hy skoolpligtig is.

(b) Die kinderhuis moet—

- (i) die leerling behoorlik versorg; en
- (ii) die opgawes en die finansiële state aan die Direkteur-generaal stuur wat die Direkteur-generaal bepaal.

(c) 'n Kinderhuistoelaag mag nie oorgedra, gesedeer of beswaar word nie.

(d) Die Direkteur-generaal kan te eniger tyd 'n kinderhuis en sy boeke en registers inspekteer of laat inspekteer en 'n leerling daarin ondersoek of laat ondersoek.

(6) Die bepalings van regulasie 36 (6) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n kinderhuistoelae.

Versorgingsoordtoelaes

38. (1) Die Minister kan met die instemming van die Minister van Finansies goedkeur dat 'n toelae aan 'n organisasie betaal word vir die versorging van kinders ouer as een maand maar jonger as sewe jaar van *bona fide* werkende moeders wat noodwendig buitenhuis moet werk, of van *bona fide* werksoekende moeders.

(2) 'n Aansoek om 'n toelae kragtens hierdie regulasie word gedoen op 'n vorm wat van die Direkteur-generaal verkrybaar is.

(3) 'n Toelae kragtens hierdie regulasie beloop 'n bedrag of word bereken ooreenkomsdig 'n formule of op die wyse wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal en is betaalbaar ten opsigte van elke dag waartydens die betrokke kind ooreenkomsdig die bepalings van hierdie regulasie in 'n versorgingsoord versorg word.

(4) Die betaling van 'n toelae ingevolge hierdie regulasie is onderworpe aan die volgende voorwaarde:

(a) Die ure van 'n versorgingsoord moet strek van 07h00 tot 18h00 van Maandae tot Vrydae en van 07h00 tot 13h00 (waar nodig tot 14h30) op Saterdae: Met dien verstande dat—

